GEREFORMEERDE KERK PRETORIA ANNLIN

# Die Fontein
Weekblad

**3 Mei 2026**

***Ligdraers in die wêreld – wat Christus aanbid, Hom bely, vir Hom getuig en in liefde ander dien!***

## Oggenderediens - 08:30
### Prof. Nico Vorster

Oggend: ***Die Kerk is 'n gebou in konstruksie***
Skriflesing: *1 Korintiërs 3*

## Aanderediens - 18:30
### Ds. Nic van der Walt

Aand: ***God bring ewige vastheid in die wisselinge van die lewe***
Skriflesing: *Prediker 3:1-15 (1933/53 vertaling)*

*Klik hier vir die volledige liturgie.*

## Lief en leed: *Verjaarsdae*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Santie | Botha | *00* | *03 Mei* |
| Hannah | Smit | *30* | *04 Mei* |
| Dwight | Le Roux | *06* | *04 Mei* |
| Giovanda | Odendaal | *13* | *05 Mei* |
| Keegan | Visser | *13* | *05 Mei* |
| Marietjie | Kurpershoek | *06* | *06 Mei* |
| Gerrie | Coetzee | *15* | *06 Mei* |
| Ria | Stander | *32* | *07 Mei* |
| Zihann | Vosloo | *35* | *07 Mei* |
| Alta | Botha | *15* | *08 Mei* |
| Jan | Rehder | *35* | *08 Mei* |
| Lucinda | Fourie | *06* | *09 Mei* |
| Janine | Smit | *16* | *09 Mei* |
| Lynette | Penzes | *29* | *09 Mei* |
| Mariëtte | Nordier | *39* | *09 Mei* |

## Kollektes
Banke: *Diakonale sorg*
Deure: *Emeritaatsfonds*

## Teeskink
- Sr. Hettie Ras (W27)
- Wyk 28
- Sr. Sonja Venter (W29)

## Kleuterbediening & Katkisasie
Begin weer 10 Mei.

## Welkom!
Vandag verwelkom ons GK Akasia by ons in die erediens. Hulle skakel in hul kerkgebou elektronies by ons in en neem voluit aan ons erediens deel. Mag ons saam ons Here in Sy genade ontmoet!

## Gebeure vir die week

| | | |
|---|---|---|
| So. 3 Mei | *08:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| | *18:30* | Erediens / *Kerkgebou* |
| Ma. 4 Mei | *07:00* | 2de handse verkoping / *Kerkterrein* |
| | *19:00* | Bybelstudie: Jongmense / *Koffiekroeg* |
| Di. 5 Mei | *09:30* | Bybelstudie: Seniors / *Konsistorie* |
| | *18:30* | Bybelstudie: Laerskool / *Zoom* |
| Do. 7 Mei | *18:30* | Vergadering: Redaksie / *Konsistorie* |
| Vry. 8 Mei | *18:00* | Dopperspele-oefensessie / *Kerksaal* |

## Dopper-oefensessie
Die Annlin-span kom **Vrydag, 8 Mei** om **18:00** by die kerk bymekaar vir 'n oefensessie. Meer reëlings sal op die groep wees!

## Kom kuier saam
Graag nooi ons vanoggend na die erediens almal uit om 'n koppie tee/koffie te kom saamdrink met ietsie lekkers daarmee saam ter viering van Marietjie se verjaarsdag!

## Senior-ete
**Waar:** Annlin kerksaal
**Wanneer:** Sondag, 17 Mei 2026 om 11:00.

## Lief en leed: *Siekes*
Graag bid ons vir:
- Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- Sr. Patrys Venter (W03) wat steeds in die hospitaal is.
- Br. Jan Maritz (W31) wat steeds in die hospitaal is.
- Br. Phillip Combrinck (W12) wat in nasorg opgeneem is.

## Winkerk selfoon-toep
Ons wil graag almal inlig dat die kerkkantoor aan die begin van Mei 'n nuwe kommunikasieplatform aan die gemeente gaan bekendstel. Die ***Winkerk selfoon-toep*** is 'n interaktiewe hulpmiddel waardeur gemeentelede belangrike inligting vanaf die kerkkantoor sal ontvang, op hoogte gehou sal word van gemeente-aktiwiteite, asook hul persoonlike besonderhede kan opdateer en by diensgroepe kan inskakel. Die kerkkantoor sal binnekort 'n boodskap uitstuur met al die nodige inligting en stappe oor hoe om die toep af te laai en te gebruik. Hou gerus hiervoor dop!

## Lief en leed: *Saam-leef*
*Mag ek net vir almal dankie sê vir die besondere meelewing met my klein operasie. Dankie vir ons Here se liefde wat Marietjie en ek daarin kon beleef!*
*- Pieter K.*

## *Sorg Met Eer-projek (Emeritaatsfonds)*
*Sorg Met Eer is 'n vrywillige projek vir die versorging van emeritus-predikante en -weduwees. Ons doen 'n beroep op lidmate om nog voor einde Junie 'n spesiale bydrae tot Sorg Met Eer te maak. U kan u vrywillige bydraes ook oorbetaal in die kerkkasrekening met verwysing:* ***SME.*** *Die bydraes sal dan aan die einde van die maand, eenmalig aan Sorg Met Eer oorbetaal word.*


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Predikant** | Pieter Kurpershoek | **Tel** 012 543 1095 | **Sel** 083 641 6466 | **E-pos** pwk@axxess.co.za |
| **Kerkkantoor** | Clarissa Rehder | **Tel** 012 567 1492 | **Sel** 079 162 3453 | **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za |
| **Webwerf** | www.annlin.co.za | | **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin | |
| **Erediensopname** | *Kerkdienstgemist (Klank)* | *YouTube (Beeld en klank)* | | |